

24 Augustus

Skrifgedeelte: Psalm 108
Fokusgedeelte: Psalm 108:2-5

Vind rus in God se liefde

Daar word twee keer in Psalm 108 na God se liefde vir sy kinders verwys (vers 5,7). Elkeen wat met `n egte geloof in Jesus Christus glo, kan hierdie wonderlike sekerheid hê – God is my Vader wat my liefhet. Wanneer ons dít weet, is die lewe die moeite werd. Dan maak die lewe sin. Dan het ons moed en krag vir elke dag met sy hartseer en sy vreugdes.

God se liefde is nie bloot `n gevoel in sy Vaderhart nie. Sy liefde wys in sy dae. In sy groot liefde het Hy sy volk uitgelei uit Egipteland. In sy groot liefde is Hy elke dag ons Helper, die Een wat vir ons krag, wysheid en geloofsvolharding gee. Sien vandag opnuut God se liefdesdade in jou lewe raak.

Op Golgota het God se liefdesdade `n heerlike hoogtepunt bereik. Inderdaad – God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê (Joh 3:16).

Wanneer ons in ons binneste oortuig is van God se liefde vir ons groei daar `n wonderlike rustigheid en vrede in ons harte. Dan ervaar ons ware vrede deur die innerlike werking van die Heilige Gees. Dan voel ons veilig, vol sekerheid, gerus en kalm, toegevou in God se liefdevolle omhelsing. Elke mens se hart bly vasgevang in onrus totdat hy rus vind in God se liefde.

Behalwe `n heerlike vrede gee die Heilige Gees ook vir jou `n ander geskenk. Jy is bly oor God se liefde, jy wil vol vreugde daaroor juig. Jy wil die Here loof en vandag ander op jou lewenspad aanmoedig om dieselfde te doen.

Sing: Psalm 42:3

Ds L du P van der Vyver (Silverton)